

ALGEMENE ASSESSERINGSTAAK

AFRIKAANS HUISTAAL

GRAAD 5

Naam en van: _____ Graad 5 _____

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Die vraestel bestaan uit twee afdelings en ses bladsye.

AFDELING A: LEESBEGRIP (25)

AFDELING B: TAALLEER (15)

TYD: 1 UUR


PUNTE: 40

- ✓ Lees die vrae mooi en aandagtig deur.
- ✓ Dink voordat jy die vrae beantwoord.
- ✓ Skryf netjies en leesbaar.
- ✓ Sterkte!

AFDELING A – BEGRIPSLEES

Lees die teks aandagtig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Perde



1 Die eerste perdagtige diere het ongeveer 50 miljoen jaar gelede op aarde geleef. Daar is meer as 300 verskillende perderasse. Daar is ongeveer 58 miljoen perde op aarde.

2 Niemand is presies seker wanneer perde die eerste keer makgemaak is nie. Daar word geskat dat dit 5 000 – 6 000 jaar gelede in dele van Europa en Asië was.

3 'n Perd se ruggraat bestaan uit 54 werwels, terwyl 'n mens 33 het. Perde se tande wissel net soos mense s'n. Wanneer 'n perd ongeveer 2 ½ jaar oud is, begin sy melktande uitval. Dit word deur permanente tande vervang. Op ongeveer 5 jaar het die meeste perde al hulle volwasse tande.

4 Perde drink gemiddeld 20-55 liter water per dag, afhangende van hulle grootte, die temperatuur en hoe aktief hulle is. 'n Perd kan 1-3 % van sy liggaamsgewig per dag eet. Afhangende van watter soort kos hy kry en hoe aktief hy is.

5 Die topspoed van 'n perd is ongeveer 70 km per uur. Perde het min slaap nodig. Hulle slaap gemiddeld net 2-3 uur per dag. Hulle slaap meestal terwyl hulle regop staan.

6 In S.A is nog wilde perde te sien by Kaapsehoop in Mpumalanga. Van hulle loop soms deur die klein dorpie.

7 'n Perde-ma is omtrent 11 maande dragtig. Die ma vorm 'n band met die kleintjie deur aan hom te lek, en geluidjies te maak. Perde is tropdiere.

8 Old Billy is die perd wat al die langste geleef het. Hy is in 1760 in Engeland gebore en het uiteindelik 62 jaar oud geword. Old Billy was nogal fluks. Sy werk was om vragbote op en af in die waterkanale te trek.

Aantal woorde: 245
Bron: Die wonderwêreld van perde en ponies deur Jaco Jacobs en Fanie Viljoen

AFDELING A: BEGRIPSLEES

Beantwoord die volgende vrae.

1.1. Hoe lank gelede het die eerste perde op aarde gelewe?

(1)


1.2. Ongeveer hoeveel verskillende perderasse bestaan daar op aarde?

(1)

Omkring die regte antwoord.

1.3. Daar word geskat dat perde die eerste keer makgemaak is ...

- a. 5 000 - 6 000 jaar gelede in Europa en Afrika.
- b. 5 000 - 9 000 jaar gelede in Europa en Asië.
- c. 5 000 - 6 000 jaar gelede in Europa en Asië.
- d. Perde was nog altyd mak.



1.4. 'n Perd se ruggraat bestaan uit _____ werwels.

- a. 45
- b. 54
- c. 33
- d. onbekende aantal

1.5. Sê of die volgende stelling **waar** of **onwaar** is. 'n Perd se ruggraat bestaan uit net soveel werwels as 'n mens s'n.

(1)

1.6. Word perde met permanente tande gebore? Gee 'n rede vir jou antwoord.

(2)

1.7. Wat het 'n invloed op hoeveel water 'n perd drink? **Noem 3 feite.**

(3)

1.8. Noem 'n plek in Suid-Afrika waar jy nog 'n trop wilde perde sal kan opspoor.

(1)

1.9. Wat is die **afkorting** van **liter**? (paragraaf 4)

(1)

1.10. Gee 'n **versamelnaam** vir perde.

(1)

1.11. Voltooi die onderstaande tabel deur inligting oor 'n **perd** te voltooi:

Manlik:	Vroulik:	Baba:	Geluid:	Verkleining:
a. hings	b.	c.	d.	e.

(4)

1.12. In paragraaf 6 praat hulle van **S.A.** Waarvoor staan die afkorting?

(1)

1.13. "Old Billy was nogal fluks."

Gee 'n **antoniem** vir die woord **fluks** uit **paragraaf 8.**

(1)

1.14. Gee **jou eie** gepaste titel vir die leesstuk?

(1)

1.15. Noem **1 interessante feit** oor perde wat jy in die leesstuk raakgelees het.

(1)

1.16. Dink jy dat 'n perd gelukkig sal wees as hy alleen aangehou word? Gee 'n rede vir jou antwoord.

(2)


1.17. Wat is die betekenis van die woord **dragtig** in paragraaf 7?

(1)

1.18. Hoekom moet mense wat hulle diere mishandel, gestraf word?

(1)

TOTAAL AFDELING A: 25



AFDELING B: TAALSTRUKTURE EN KONVENSIES

2.1. Verander die sin in 'n **vraagsin**.
Perde het min slaap nodig. (Paragraaf 5)

(1)

2.2. Verdeel die volgende woord in **lettergrepe: temperatuur**. Onthou om aan te dui of die lettergrepe **oop** of **geslote** is.

(2)

2.3. Skryf die sin in die **toekomende tyd**.
Van hulle loop soms deur die klein dorpie. (Paragraaf 6)

(1)

2.4. Skryf die sin in die **ontkennende vorm**.
Perde se tande wissel net soos mense s'n. (Paragraaf 3)

(1)

2.5. Vul die korrekte **woordsoort** onder die gepasde opskrif in die tabel in. Vind die antwoorde in die leesstuk soos aangedui.

(5)

Eienaam (Paragraaf 2)	Maatnaam (Paragraaf 4)	Byvoeglike naamwoord (Paragraaf 6)	Hulpwerkwoord (Paragraaf 2)	Massanaamwoord (Paragraaf 4)

2.6. Gebruik die woord **perd** en vorm jou eie **samestelling** daarmee.

(1)

2.7. Wat is die **basis** van die volgende woord: **permanente (Paragraaf 3)**

(1)

2.8. Skryf die **verkleining** van die woord **ma. (Paragraaf 7)**

(1)

- 2.9. Gebruik die voegwoord in hakies om die 2 sinne te verbind:
Perde speel in water. Perde hou van water. (want)

(1)

Het jy geweet? 'n Eenhoring het 'n enkele gedraaide horing op sy voorkop.

- 2.10. Skryf die verkleining van die onderstreepte woord neer.

(1)

TOTAAL AFDELING B: 15
GROOT TOTAAL: 40